




Familiebrief

JULIE 2004

GESINSBEDIENING

SO LYK 'N FANTASTIESE FAMILIE!



Elke mens wil graag gelukkig wees. In die familiekring, wat die intiemste vorm van 'n verhouding is, wil ons gelukkig wees. *Hoe goed, hoe mooi is dit as broers (en susters en ouers) eensgesind saam woon! ... waar broers so saam woon, skenk die Here Sy seën* (Ps 133:1, 3). Hoe lyk so 'n fantastiese familie? Dit is 'n familie wat bepaalde karaktertrekke vertoon:

❖ **Roeping**

Dit maak nie saak hoe ons familie saamgestel is nie, ons word geroep om 'n fantastiese familie te wees. Of ons nou 'n enkelouerfamilie, 'n saamgestelde familie of 'n oupa-ouma-familie is, ons word geroep om vir mekaar te sorg, om 'n veilige hawe te wees (waar ons kinders kan leer, foute maak en gevorm kan word) en om uit te reik na 'n wêreld wat sug na God se liefde.

❖ **Verbond**

'n Christelike familie maak seker dat hulle dit wat hulle self ontvang het aan die volgende geslag kan oordra. *Die belangrikste wat ek aan julle oorgelewer het en wat ek ook ontvang het ...* (1 Kor 15:3, lees ook Ps 78). 'n Christelike familie dra hulle geloof oor na die volgende geslag, help om hierdie geloof in te oefen en vas te lê en om waardes te vorm. 'n Christelike familie wil graag hulle verlowingsbeloftes, troubeloftes en doopbelofte nakom.

'n Christelike familie maak seker dat daar na die fisieke behoeftes en nood van familielede omgesien word.

❖ **Liefdesgemeenskap**

'n Christelike familie leef die gawes van die Heilige Gees nie net teenoor mekaar uit nie, maar bedien ook ander daarmee. Verder beteken liefdesgemeenskap dat ouers wat vir hulle kinders rolmodelle is, aan hulle kinders die ruimte sal gee om op die speelveld van die familie te oefen vir die speelveld van die lewe. Kinders moet 'n ruimte hê waar hulle kan leer, kan foute maak en so bemagtig kan word vir die lewe. (*Jeugfokus*)



- 1 *Ouers se eerste verantwoordelikheid is nie om hulle kinders altyd lekker te laat voel nie, maar om hulle karakters te bou* (Haim Ginot)
- 2 *Wat ons aan ons kinders doen sal hulle eendag aan die samelewing doen* (Karl Menninger)
- 3 *Vir julle wat sê "Ek het nie die tyd om al die dinge te doen nie" sê ek maar net "Jy het ook nie tyd om dit nie te doen nie"* (Covey)
- 4 **Soms voel dit of ouerskap niks anders is nie as om die mond te voer, wat jou byt nie** (Peter de Vries)

Die vraag is nie of of jy teleurstelling in jou gesin gaan ervaar nie. Dit kom! Die vraag is of jy dit met moed en geloof gaan hanteer.

Gelukkig belowe die Here aan ons as ouers :Ek is by jou...as jy deur die vuur moet gaan, sal dit jou nie skroei nie...(Jes 43:1-4)

*Sterkte met julle ouerskap!
ds Leon van Heerden*

DANKIE



DIENS VAN BARMHARTIGHEID

Huis Yana, Jakaranda Kinderhuis, Alimentasie, Werksklas, koskas, Begrafnisbediening en Siekesorgbediening vorm die sirkel wat saamgevat word onder die naam Diens van Barmhartigheid. Almal in watter opsig ookal betrokke hierby, of dit aan die oragnisasie kant of aan die ontvang kant is, sê een groot **Dankie** aan elke Gemeentelid wat al hierdie werkzaamhede moontlik maak!

DEEL GOD SE LIEFDE EN GENADE MET MOSLEMS



Die ontstaan van die Qur`an

Die Qur`an is die heilige openbarings boek van Islam. Dit is `n transkripsie van die oorspronklike wat in die hemel bewaar word.

Die opname van profeet se woorde was heeltoevallig. Verse was op palm blare, klippe, bas ens. geskryf – in kort is daar op enige beskikbare material geskryf. Volgens oorlewering assosieer hulle die versameling van die material met *Caliph* (dit beteken verteenwoordiger van die profeet) *Abu Bakr*. Muhammad kon tot laat in sy lewe self nie lees nie want in een van die verse word genoem dat iemand anders dit neer geskryf het. `n Groot deel van die Qur`an was van buite geleer. Caliph Uthman se uitgawe bly tot vandag toe die gesaghebbende woord van Allah aan die Moslems.

Die Qur`an was nie bestem om gelees te word in die vorm van `n vertaling nie. Wanneer jy begin lees, vind jy die inhoud van die boek moeilik om te begryp. Dit was oorspronklik in Arabies geskryf – die taal wat soos musiek op die oor klink. Die Qur`an is bedoel om gelees en gememoriseer te word en in Arabies weergegee word; selfs al verstaan jy nie die taal nie. Dit is waar die krag van die boek lê. Baie van Muhammad se volginge was ongeletterd maar kon die verse resiteer.

Die Qur`an bestaan uit 144 hoofstukke, wat surahs genoem word. Elke hoofstuk het `n spesiale titel (bv. Die koei, die donderweer, ens.) dit is so genoem as gevolg van sekere gebeurtenisse. Die surahs (hoofstukke) is verder in verse verdeel. Die inhoud van die surahs is kragtig en uitdagend, dit bevat die volgende temas.

- geloof in God
- die dag van afrekening
- sosiale behoeftes en armoede
- verwaarlosing van die weduwee en weeskinders
- voorkoming of die moord van baba dogtertjies


Die Moslems glo dat daar van Adam tot Muhammad 124,000 heilige boeke was en net vir sekere tydperke van krag was, die volgende vier boeke moet van krag bly.

- die (Torah) Wet soos aan Moses gegee
- die (Zabur) Psalms soos aan David gegee
- die (Injil) Evangelie soos aan Jesus gegee
- die Qur`an soos aan Muhammad gegee

Die Moslems glo dat die Qur`an al die ander boeke vervang en dat dit God se laaste openbaring aan die mens is. (*Volgende: Die benadering van die Moslems*)

KRIEKET – KERMIS

Kermis



Saterdag, 4 September 2004
08:00 – 14:00
Toutrépark

Dis weer tyd vir lekker pannekoek, roomys, koek, chips, lekkergoed, ens. ens. Vir die koop en eet daarvan, maar ook vir die maak daarvan en die gesellige saamwerk en saam beplan.

Soos verlede jaar, val ons kermis weer saam, met die 'Bakers Mini Krieket' – die resultaat-, meer mense by ons kermis en aankope en bydraes kom ook van buite die gemeente.

Besluit by **watter tafel** u wil help en skakel asseblief die sameroeper van daardie tafel. Besluit ook solank watter van die **kermis- en tafelbenodighede** u sal kan bydrae – in Augustus sal u diaken met 'n **kollektelys** by u omgaan waarop u kan aandui of u met fondse / bestanddele / en/ of benodighede gaan help.

- Algemene navrae: ds. Leon Tait (331 2076)
- Nageregtafel: ds. Ernst (330 0632)
- Pannekoek: Carien Basson (331 4303)
- Koektafel: Elna Borman (331 3965)
- Wors-/viennabroodjies: Harry Reyneke (330 0730)
- Slapchips: Henri Braak (331 2792)
- Koeldrank + lekkergoed + chips: Pieter Meiring (329 0130)
- Jaffels: Gert Kok (330 1551)

Michael Brinkstraat

15
de
Joune




14
de
Joune

Frederikastraat



ONTHOU! ONTHOU!

Kom geniet hierdie "Rendezvous kuieraand" en koop jou kaartjies betyds



Touch of Class
8 Oktober 2004 om 19h00
R40-00 per persoon
Sluit vinger versnaperinge en pons in.

Koeldrank en pannekoek sal vanaf 18h00 asook

tydens pouse te koop wees.


Kaartjies is beskikbaar by die Kerkkantoor (Johanna).
Vir navrae kontak Sonja Jacobs by (012) 331 2318.



Die Penniefluitjies

Ag, maar dit lyk mos of baie van julle 'n wonderlike wintervakansie gehad het met heerlike sop voor 'n warm kaggel of onder 'n heerlike kombors. Vir Bert was dit maar bitter koud in die stomphout huis. Vertel asb vir Bert van julle vakansie?


Gooi asb al die briefies in die huisie posbus wat in die kerkportaal is:



Aan: Bert Bower
Rietfluit Redaksiehuis, Boom 3, Tak 4, Rietfonteinspruit

Aandag alle entrepreneurs!

Brood vir Nood Entrepreneur-kompetisie



Enige persoon met innoverende idees wat in 'n suksesvolle onderneming kan ontwikkel, staan 'n kans om met die prysgeld in die Brood vir Nood Entrepreneur-kompetisie 2004 weg te loop.

Of jy jonk of oud is en besigheid is jou passie; hierdie kan jou hupstoot wees vir die toekoms!!

Kategorie	Kategoriebeskrywing	Prysgeld
A	Nuwe Entrepreneurs	R5000-00
B	Bestaande Entrepreneurs	R5000-00

Moenie die kans deur jou vingers laat glip nie. Kry die erkenning wat jy verdien!

Alle inskrywings moet die beoordelaars voor of op 1 Oktober 2004 bereik. Let wel: Geen laat inskrywings sal vir die beoordeling in aanmerking kom nie.

Inskrywingsvorme by Kerkantoor beskikbaar!!
